

## §7.—Dr. Hesseling se Taalkundige Argumente

Die historiese argumente beslaan effens meer ruimte as al die taalkundige bewysvoeringe saam, wat dan hierop volg, en is ook eintlik klemmender. Na die bespreking van enige prinsipiële kwessies ondersoek dr. Hesseling in hoofstuk II agtereenvolgens die vreemde woorde wat Afrikaans betrek het uit Hottentots, Frans, Hoogduits en Maleis-Portugees en geraak dan tot die volgende slotsom:

„De woorden uit Indië overgekomen zijn van veelzijdiger en vooral van intiemer aard dan de andere . . . Sommige als *aja*, *banja*, *maskie*, *nooi*, *tamaai* zijn naast bestaande, soortgelijke Hollandse uitdrukkingen opgekomen en hebben die geheel of deeltelik verdrongen . . .”  
(bls. 94).

Daarmee wil hy aantoon dat die Maleis-Portugese woorde, hoewel van geringe omvang, nogtans dieper ingegrype het as die ander en op die relatief belangrikere betekenis van daardie taal wys. Daarom verwag en vind hy ook in die spreekwyses allerlei -ismes wat aan Maleis-Portugees herinner, b.v. die *ek-is-honger*-tipe en ander gevalle van funksieverandering, die *vir* in sinne soos: *bet jy vir oom Piet gesien?* en *met . . . saam*.

Hoofstuk III bespreek eers krities die teorieë oor Frans, Hottentots, seemanstaal en spontane ontwikkeling as onvoldoende verklaringsmaniere. Dr. Hesseling se hoofbeswaar teen laasgenoemde is „de overtuiging dat een aan zich self overgelaten taal in een eeuw of in anderhalve eeuw zich niet in haar vormleer zó wijzigt als dat met het Nederlands in Afrika is geschied” (bls. 111). Spontane ontwikkeling is net aanvaarbaar as „‘t proces geleidelik verliep” (bls. 113). Maar in

Afrikaans is daar sprake van 'n ontwikkeling binne 'n tydsverloop van 100 tot 150 jaar waarin die vormleer te diep aangetas is om aan geleidelike ontwikkeling te glo. Daar moet 'n ander faktor wees wat 'n skielike botsing veroorsaak en 'n toestand van 'n mengtaal bewerkstellig het. Vir dr. Hesselink is dit Maleis-Portugees, direk en indirek ingrypende. Dit wil hy bewys o.m. met *die* as enigste bepalende lidwoord te stel teenoor *itoe* in Maleis-Portugees, verder uit *se* as possessiewe suffiks, uit *ons* wat *wij* verdring het, ensovoorts, maar veral uit die groot vereenvoudiging van ons werkwoord wat selfs sy imperfektum verwerp het. Eindelik vind dr. Hesselink nog spore van Maleis-Portugees in die klankestelsel van Afrikaans. Maleis-Portugees is volgens hom wel nie die enigste faktor wat die veranderinge veroorsaak het nie, dog wel die *hooffaktor* ('n feit wat soms ten onregte vergeet word).

In sy opsomming formuleer dr. Hesselink sy standpunt soos volg:

„Het Afrikaans is te beschouwen als een Nederlands dat halverwege is blijven staan op de weg om Kreools te worden. Een nieuw Volk met een eigen taal ontstond in de eerste helft der 18de eeuw” (bls. 128).

#### §8.—*Reaksie op dr. Hesselink se Teorie*

Toe dr. Hesselink se uitvoerige studie in 1899 verskyn het, het dit baie aandag getrek. In ons land het verskeie persone, soos prof. A. Franken, dr. J. F. van Oordt en prof. W. S. Logeman, laasgenoemde voor die South African Society for the Advancement of Science in 1903, voor belangstellende gehore dr. Hesselink se uiteensetting met instemming verduidelik, en in Nederland en Vlaandere het seker die meeste taalgeleerde, waaronder Van Ginne-

ken, Vercoullie en Le Coutere, sy hipotese aanvaar as in hoofsaak juis. Proff. Verdam en Te Winkel, wat vroeër die Franse teorie voorgestaan het, het dit ten gunste van dié van dr. Hesseling laat vaar. Vandag het hierdie feite nog slegs historiese belang.

Afsonderlike vermelding verdien darem die werk van 'n Afrikaner, dr. P. J. du Toit, wat in 1905 te Gent gepromooveer het op 'n proefskrif *Afrikaansche Studies*. Hierin bring hy nuwe woorde uit Maleis-Portugees byeen om die juistheid van dr. Hesseling se stelling te verstewig, en noem ook ander argumente. Hy beweer b.v. dat as Hottentots die hooffaktor in die ontwikkeling van Afrikaans was, ons in plaas van die huidige uniformiteit oor 'n uitgestrekte gebied minstens twee Afrikaanse dialektes moes gehad het: een in die Boland waar veral slawe-arbeid gebruik was en dus Maleis-Portugees gepraat was, en 'n ander in die binnelande waar die werkvolk die Hottentotte was.

Hoewel die oorgrote meerderheid hulle ten gunste van Maleis-Portugees uitgespreek het, was daar reeds vroeg by enkelinge twyfel of dr. Hesseling die saak korrek interpreteer. Dr. H. Meyer-Benfey het b.v. in *Die Sprache der Buren* (1901) skepties gestaan en op ander faktore gelet, maar self het hy nooit tot volkome helderheid oor die ontstaan van Afrikaans geraak nie, soos dr. Bosman en dr. Hesseling ook aantoon.

Dr. E. Kruisinga, 'n landgenoot van dr. Hesseling, het in 'n artikel oor *De Oorsprong van het Afrikaans* (verskene in *Taal en Letteren*, 1906) eerder aan spontane ontwikkeling onder nuwe omstandighede gedink. Dit is juis dié gedagtegang wat veral by persone in ons land posgevat het, b.v. by ds. W. Postma wat in die kindertaal die weg

van natuurlike vereenvoudiging gesien het (*Die Brandwag*, 15 Febr. en 1 Maart 1912), prof. J. J. Smith, wat terloops die saak aanroer in 'n bespreking van Pettman se *Africanderisms* in *Die Brandwag* (Des. 1913) en C. J. van Rijn in 'n boekie *Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands* (1914). Dr. Hesseling het op een of ander geleentheid op al die meningsuitinge geantwoord.

Die hoogtepunt in die verset vorm die dissertasie van dr. D. B. Bosman, *Afrikaans en Maleis-Portugees*, wat in 1916 verskyn het en waarin hy dr. Hesseling se beweringe punt vir punt krities ondersoek. As Afrikaner wat beter met ons geskiedenis, maatskaplike en taal-toestande vertrouud was, het dr. Bosman 'n groot voor-sprong gehad. Voortgesette studie, asook die ondersoek van bepaalde gebiede deur landgenote (dr. S. P. E. Boshoff oor die woordeskat in *Volk en Taal van Suid-Afrika*, 1921, en dr. J. J. le Roux oor groepvorming in *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, 1923) het sy insigte verdiep en in 1923 het dr. Bosman sy proefskrif in omgewerkte vorm laat verskyn onder die naam: *Oor die Ontstaan van Afrikaans*.

Met hierdie werk as grondslag — ek gebruik die herdruk uit 1928 — wil ek probeer om dr. Bosman se standpunt aan te dui. Hy stel homself 'n dubbele taak. In die eerste plaas wil hy wys waar dr. Hesseling se opvattinge verkeerd lyk of op 'n verkeerde interpretasie berus, en in die tweede instansie het hy daartoe oorgegaan om na ondersoek van die belangrikste eienaardighede van Afrikaans 'n ander verklaring van die ontstaansprobleem te gee wat vir hom nader aan die waarheid staan. Die twee geleerdes verskil fundamenteel van mekaar in hulle opvattinge en bestry mekaar daarom voortdurend —

laat dit minstens net vermeld word: op ridderlike wyse soos egte soekers na die waarheid — maar daar is darem één kernsaak waарoor albei dit eens is.

#### §9.—*Punte van Ooreenkoms tussen dr. Hesselink en dr. Bosman*

In *Oor die Ontstaan van Afrikaans* kry ons vyf hoofstukke. Die eerste let op die belangrikste interne en eksterne faktore wat taalontwikkeling, -verandering en -beïnvloeding bewerkstellig, omskryf lastige begrippe soos Kreoolse tale en wys op grade van taalvermenging. Die tweede hoofstuk noem die teorieë wat die ontstaan van Afrikaans wil verklaar. In die loop hiervan (soos ook weer later telkens) benadruk dr. Bosman een punt 'n paar keer: die ontwikkeling van Afrikaans was veels te snel om aan spontane ontwikkeling alleen te laat dink, „selfs wanneer dit oor anderhalwe eeu loop” (p. 38; ook pp. 39, 40 en 41). Sprekende oor dr. Kruisinga sê hy: „Hier verskil ons prinsipieel, want die tempo van die ontwikkeling van Afrikaans maak dit vir my onmoontlik om genoeg te hê aan 'n verklaring wat alleen op spontane ontwikkeling berus. Wat die laaste punt betref is ek dit volkome eens met Prof. Hesselink” (p. 41).

Origens ontken dr. Bosman nie dat Maleis-Portugees 'n faktor in die omvorming van Afrikaans was nie, maar hy aanvaar dit nie as hooffaktor nie en heg daaraan slegs 'n geringe betekenis.

#### §10.—*Wat die Geskiedenis dr. Bosman oor Maleis-Portugees leer*

Dr. Hesselink het beweer dat die algemene verkeerstaal van die Ooste, Maleis-Portugees, nie net onder die slawe aan die Kaap nie, maar ook onder die seelui en ander

blankes van dieselfde en van verskillende nasionaliteite in Tafelbaai, 'n buitehawe van Indië, in gebruik was. Dr. Bosman ondersoek in sy derde hoofstuk agtereenvolgens die gebruik van Maleis-Portugees as handelstaal en as slawetaal.

(a) *As handelstaal*

Waar dr. Hesselink hom op Kolbe (*Naauwkeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop*, 1727) beroep om te bewys dat Maleis-Portugees (dr. Bosman verkies die benaming krom- of gebroke Portugees) aan die Kaap as handelstaal baie verbreed was, maak dr. Bosman opmerksaam dat die uitspraak net op die begin van die agtiende eeu slaan, en waarsku dan met rede dat „uit Kolbe alleen nooit iets afdoende bewys kan word nie” (p. 44). Daarna haal hy Kolbe se woorde in die oorspronklike Duitse teks aan en vertolk dit so dat hier slegs sprake is van Portugees en Maleis as twee aparte tale van twee afsonderlike groepe sprekers en nie van die Oosterse mengtaal Maleis-Portugees nie, soos dr. Hesselink dit wil opgevat hê. Die aanhaling bewys dus nie die bestaan van Maleis-Portugees as handelstaal nie.

Dr. Hesselink se verdere argument dat Maleis-Portugees as omgangstaal b.v. op die skepe algemeen verbreed onder die matrose was, vind dr. Bosman ook onaanneemlik. Uit die Kaapse landmonsterrolle van bepaalde jare blyk dit dat die Hollandse en Duitse dienaars op die Hollandse skepe en aan die Kaap „altyd 'n oorweldigende meerderheid uitgemaak het” (bls. 47), en „tot die 18de eeu was die Hollanders so sterk in die meerderheid teenoor die Duitsers dat dit wel vasstaan dat aan boord en aan die Kaap Hollands die voertaal was van die Kompanjiesdienaraars.”

Maar het Maleis-Portugees dalk as handelstaal met vreemde, dit is nie-Hollandse, skepe 'n rol gespeel? Uit Theal toon dr. Bosman aan dat daar gedurende die eerste veertig jaar van die volksplanting 1303 Nederlandse skepe aan die Kaap was teenoor 170 vreemdes. „As ons aanneem dat in die handelsverkeer in 'n Hollandse kolonie, met Hollandse skepe, waarvan die bemanning vir 75 persent uit Hollanders bestaan het, die eie handelstaal Hollands was, dan bly daar oor 170 skepe van vreemde nasionaliteit, d.w.s. gemiddeld sowat 4 per jaar, waarmee handel in Maleis-Portugees *kon* gedryf gewees het.”

'n Aanhaling uit Mentzel dat Kapenaars met Portugese vreemdelinge alleen deur middel van gebare en tekens oor die weg kan kom, bevestig vir dr. Bosman dat die volksplanters nie hierdie taal in hulle handeltransaksies met vreemdes kon gebruik het nie en dat dit, soos verwag kan word, geen rol aan die Kaap gespeel het nie.

#### (b) *As slawetaal*

Hoe is dit gesteld met Maleis-Portugees as taal van die (Oosterse) *slawe*? Dat Maleis-Portugees onder hulle gepraat is, bevestig die geskiedenis (en die taal) oor en oor, maar dit het dikwels gelyk of die uitsprake en mededelinge van b.v. reisbeskrywers in teenspraak met mekaar was. Dit moet as een van die grootste verdienstes van dr. Bosman aangereken word dat hy helderheid geskep het deur 'n skerp afbakening van die tydperk en gebied van invloed van gebroke Portugees in die mond van die slawe, sodat dit ook duidelik geword het hoekom die uitsprake nie noodwendig strydig met mekaar is nie. Ons let nou op dr. Bosman se tydbakens.

Hy stel eers vas dat Maleis-Portugees voor 1658 nog nie aan die Kaap van betekenis was nie. Uit die 10 slawe

wat daar in 1657 was, was vier uit die Ooste, drie van hulle in diens van Van Riebeeck. Eva het haar Portugees waarskynlik van hulle geleer. In 1658 kom nog twee skepe met 187 slawe aan boord, almal uit Guinea en Angola, sodat hulle Maleis-Portugees nog nie geken het nie. Die dekreet van Van Goens in 1657 dat Van Riebeeck „seer sorgvuldig zijn (moet) geen portugeese tael *bier in te voeren*, maer 't zelve met alle middelen *voorcomen*” (bls. 51), is duidelik, sê dr. Bosman, 'n voorsorgsmaatreël wat toegepas moet word „met de compste van de slaven,” en wat bewys dat daar toe nog geen Maleis-Portugees was nie.

Die tweede afbakening is die jaar 1662. Toe het Van Riebeeck aan sy opvolger Wagenaar 'n *Memorie ter Informatie* opgestel waarin dit heet: „De slaven leeren hier niet als duyts & oock de Hottentoos, *sulcx bier geen ander tael gesprocken wordt . . .*” (p. 53). (*Duyts* beteken hier: Hollands.) Dit wil dus sê dat Maleis-Portugees gedurende die eerste tien jaar van die volksplanting onbetekenend was (p. 54).

Sy derde grens is 1677. Aan die hand van statistiese gegewens uit Theal en Leibbrandt soos deur Dehérain byeengebring, gaan dr. Bosman die herkoms van die slawe na en bevind dat met uitsondering van „enkele slawe en bandiete uit die Ooste” (bls. 57) die slawe voor 1677 uit Afrika en Madagaskar afkomstig was en Maleis-Portugees onder hulle dus waarskynlik geen rol in die onderlinge omgang gespeel het nie.

In hierdie jaar (1677) kom 190 slawe uit die Ooste aan, vermoedelik uit Ceylon, waar Maleis-Portugees *in hierdie periode* nie meer die internasionale verkeerstaal was nie en dus weinig ten gunste van Maleis-Portugees

hoef te bewys. Dan versand die toevoer uit die Ooste byna heeltemal tot 1715, sodat daar van 1677 tot 1715 „n 10 persent suurdeeg van Oosterse en dus allig gebroke Portugeessprekende slawe” (bls. 57) was, wat in die gunstigste geval as taalfaktor weinig krag kon gehad het. Tot 1715 dus was Maleis-Portugees aan die Kaap van weinig betekenis as slawetaal, terwyl dr. Hesseling die kritieke tydperk gestel het tussen 1658 en 1685.

In die agtiende eeu het die aantal slawe uit die Ooste aangegroei totdat dit in 1767 verbied is. Dr. Bosman meen dat daar dus eers so laat as 1750 sprake van 'n Maleis-Portugese slawetaal aan die Kaap kon gewees het, maar die gebruik daarvan het na 1767 begin afneem totdat dit vroeg in die volgende eeu heeltemal verdwyn het. Die gebruik hiervan was verder beperk tot Kaapstad en die onmiddellike omgewing daarvan (tot die Boland dus) veral, waar die gevestigde en welvarender Boere slawe vir die harder werk van tuinbou nodig gehad het en hulle dit ook beter kon bekostig het as die trekkende veeboere dieper die binnelande in wat vir „n pruimpie en 'n sopie” die Hottentotte as veewagters kon huur. Dr. Bosman ontken verder dat daar 'n mengtaal van Hollands en hierdie slawe se Maleis-Portugees sou ontstaan het wat dan deur die blankes ook onder mekaar „in groten getalle” gebruik sou geword het, „en dat niet slechts soms . . . maar in het dagelyksch gebruik,” volgens die definisie wat dr. Hesseling van 'n mengtaal gee. Die blankes se meerderwaardigheidsgevoel sou dit belet het. Dr. Bosman herinner aan die feit dat aan die Oostelike grens van die Vrystaat die Boere Sesoeto pront praat, dit dikwels van kindsbeen af aanleer, soms selfs voordat hulle hulle

eie taal kan praat; maar as hulle eers groot word, ontstaan daar geen mengtaal nie.

### §11.—*Wat die Taal dr. Bosman oor Maleis-Portugees leer*

Hoofstuk IV wat hierdie onderwerp nagaan, laat hom nie maklik opsom nie, veral omdat dit meer met metode en benadering te doen het as met enkelvoudige feite. Hier en daar gee dit al 'n voorsmakie van dr. Bosman se eie teorie en openbaar hy hom terloops aan die student opnuut as iemand wat met ywer slegs die belangeloose waarheid wil opspoor.

Dr. Bosman wil aan Afrikaans self dr. Hesseling se stelling toets, naamlik dat dit eens op 'n tyd 'n mengtaal van Nederlands en Maleis-Portugees was, so om die helfte uit die twee tale bestaande. Hy kyk of dr. Hesseling daarin geslaag het om spore van so 'n toestand uit die taal self aanneemlik aan te wys.

(a) In die Afrikaanse *woordeskat* is daar volgens sy ruwe berekening met enigsins arbitrière skattings van ons vokabularium slegs 'n kwart-persent Maleis-Portugese woorde te vind, wat dr. Hesseling se stelling tog nie kan bewys nie (bls. 69).

(b) Die *woordgebruik* gee verskeie voorbeeldte sien van funksieveranderinge en ander eienaardighede wat dikwels aanknopingspunte met Nederlands het en wellyk as spontane ontwikkeling verklaar kan word, maar wat tog ook desondanks soms as kreolismes aangevoel kan word. Dié kreolismes wat dr. Bosman wel as sodanig toegee, kan soms ewe goed teruggevoer word op Hottentot-Afrikaans (bls. 90).

(c) Ook oor die gevalle waarmee dr. Hesseling invloed op die *vormleer* wil bewys, konkludeer dr. Bosman:

„(hulle) kan so goed as nooit teruggevoer word op Maleis-Portugese voorbeeldie nie” (bls. 92).

(d) Wat die *klankleer* betref, sien dr. Bosman duidelik invloed van die slawetaal in die uitspraak van *j* as *dj*, maar dit is beperk tot die ou slawegebied (in die Boland) en geld as plat. Ontwyfelbare bewyse vir die hele taalgebied vind hy nie. Sy slotsom is dat die invloed van Maleis-Portugees „nie algemeen werksaam was nie, en dus nie as verklaring van die ontstaan van Afrikaans kan dien nie” (bls. 98).

### §12.—Dr. Bosman se eie Verklaring: die Hollands van Vreemdelinge

In Hoofstuk V kom dr. Bosman by sy tweede taak. Sy eerste was om aan te toon waar dr. Hesseling met sy teorie van Maleis-Portugees op 'n dwaalspoor geraak het nie alleen nie, maar ook wat die invloed van hierdie Oosterse slawetaal op Afrikaans presies was, dus wat as waardheid daarvan oorbly. Want dr. Bosman erken invloed van Maleis-Portugees, maar ontken dit as hooffaktor. Wat is dan wél die hooffaktor? Om die positiewe antwoord hierop te gee: dit is sy tweede doelstelling.

Dr. Bosman se formuleringe is eerder skerper as die van dr. Hesseling, sy ontledinge ongetwyfeld skerpsiniger, sy wetenskaplikheid waarskynlik groter want sy houding belangloser, vryer van vooropgesteldheid; nogtans is die totaalindruk van dr. Hesseling se uiteensetting kragtiger en meer artistiek, omdat hy dr. Bosman ver voor is in die logiese opbou van sy stelling tot 'n bevredigende en leesbare *geheel*. Dr. Bosman se slothoofstuk doen nog fragmentaries en „voorlopig” aan. Daarom ook is dit moeiliker om 'n opsomming van sy teorie

te gee wat reg daarvan laat geskied en die volle draagwydte daarvan laat uitkom. Op voorhand moet ek teen die waarskynlike eensydigheid of ongenoegsaamheid van my voorstelling waarsku, wat neerkom op 'n aansporing om dr. Bosman se belangrike werk self ter hand te neem. Dit gee my daarmee die reg om slegs met enige aanduidinge te volstaan.

Hy formuleer sy opvatting soos volg:

„In sover as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Hollands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Hollands hoofsaaklik onder invloed van die Nederlands van vreemdelinge” (bls. 100).

Soos in die voetnoot op bls. 6 vermeld, beteken *Hollands* vir dr. Bosman die taal wat in Nederland gepraat word, en is *Nederlands* 'n versamelnaam vir Afrikaans, Vlaams en „*Hollands*.“ Dit verskil van my (natuurlik eweneens arbitrière) gebruik, omdat ek met *Nederlands* aandui die taal van Nederland as staat, en *Hollands* as versamelnaam aanwend vir Afrikaans, Vlaams en Nederlands. Soos vroeër, sal ek voortaan dié begrippe in my terminologie weergee.

Dr. Bosman se stelling kom dan hierop neer: Afrikaans is gewoon Nederlands wat in die mond van blankes in die eerste plek langs die weg van die ononderbroke en natuurlike taalverandering in ons land ontwikkel het; hierdie verandering het egter vinniger verloop as wat vir 'n normale ontwikkelingsgang moontlik lyk. Die rede vir die versnelling van tempo is onder andere die vreemdelinge (blankes en ander) wat Nederlands moes aanleer, en uit wie se ou taalpatrone-ismes oorgeneem is. By die verklaring van 'n eienaardigheid in Afrikaans moet derhalwe eers gevra word of dit nie

„spontaan” uit Nederlands plaaslik kon ontwikkel het nie. Indien wel, behoort dit as die verklaring aanvaar te word. Indien nie, dan eers moet aan die taal van die vreemdelinge gedink word, wat bepaald tempoversnelend gewerk het en ook vir bepaalde -ismes verantwoordelik is.

(a) Om spontane ontwikkeling te verduidelik, wys dr. Bosman op faktore soos die gebreklike oordrag van taal van ouer op kind, op analogie as die kragtigste interne faktor (blss. 134-137) en op normale klankveranderinge (bls. 137). Die laasgenoemde twee taalkragte vind hy in normale tydsverloop werksaam in Nederlandse dialektes en in die Nederlandse kindertaal. Hulle is verantwoordelik vir die ontwikkeling van Nederlands *in dieselfde rigting* van vereenvoudiging wat Afrikaans ingeslaan het.

(b) Maar in Suid-Afrika is die gang buitengewoon verhaas. Dr. Bosman gee 'n beeld van die kulturele en sosiale toestande aan die Kaap (blss. 120-133) wat bevorderlik hiervoor was, soos dunbevolktheid, isolasie (geografies en kultureel), 'n lewe meestal buitenhuis en 'n nederige intellektuele peil. Daar was dus 'n afwesigheid van aktief remmende en behoudende faktore soos skoolonderrig deur bevoegde meesters, lektuur, intieme huislikheid soos in 'n koue klimaat. „Nou meen ek,” sê dr. Bosman, „dat Afrikaanse omstandighede die taaloordrag gebrekkiger en die analogiewerking sterker gemaak het as onder Europese omstandighede die geval sou gewees het” (bls. 134).

Voeg by die sosiale en kulturele kragte nog 'n ander meewerkende faktor: die vreemdelinge (Franse, Duitsers, Hottentotte, slawe uit Afrika, Madagaskar en die Ooste en ander Oosterlinge). Hulle moes almal Nederlands leer, so goed of so kwaad as dit gaan, en al het hulle alreeds

'n taal geken, d.w.s. 'n eie stelsel van taalwette of -patrone gehad, staan hulle sielkundig teenoor die nuwe taal net soos kinders, maak op grond van analogie dieselfde soort foute en leer op dieselfde wyse verbeteringe aan. Teenoor die eintlike kindertaal het ons hier groepe wat ons in dié oopsig kan huisbring onder oneintlike kindertaal. Wat die oneintlike kindertaal as faktor kan betekenis, blyk uit beweringe by dr. Bosman soos die volgende: „ons (moet) noodwendigerwys aanneem dat omstreeks 1700 die helfte van die blank Kaapse bevolking bestaan het uit krompraters van Franse en Duitse oorsprong” (bls. 116), of „wat die kennis van die Hollandse taal betref is omstreeks 1700 die helfte van die blank Kaapse ouers self kinders!” (bls. 147).

Dr. Bosman rangskik die vreemdelinge as sprekers in groep tale en onderskei twee groepe: (a) Duitsers en Franse (blss. 112-116) en (b) Hottentotte en slawe (blss. 116-119). Ook in die ander groep tale vind hy nogeens dieselfde neiginge tot vereenvoudiging en verandering, naamlik in die Hollandse volkstaal, die Hollandse seemanstaal en in die Hollandse dialekste, *Hollands* hier gebruik in die sin van *Nederlands*.

(c) Die vreemdelinge onderskei hulle van kinders darem daarin dat hulle reeds 'n eie taal ken. Nou kan spesifieke neiginge van hulle eie taal deurwerk na hulle vorm van vreemdelinge-Nederlands, en hierdie neiginge kan, veral as dit aanknopings vind by die Nederlandse taalaard, opgaan in die taal van diegene wat van huis uit 'n vorm van Hollands praat. Op die wyse kry ons -ismes uit b.v. Maleis-Portugees of Hottentots, waarvan dr. Bosman enige voorbeeld aanhaal, via hulle Kreools-Afrikaans, of uit Duits en Frans via hulle krom Afrikaans.

### §13. Punte van Verskil tussen dr. Bosman en dr. Hesseling

Dr. Bosman het sy teenstander se bewering dat die jare 1658 tot 1685 die kritieke periode van kreolisering vorm, met bewyse uit die geskiedenis heeltemal ondergrawe, aangesien die Oosterse mengeltaal van die slawe eers in die volgende eeu van enige betekenis geword het. Uit die geskiedenis, maar veral uit die taal self, het hy verder oortuigend getoon dat Afrikaans nie eens op 'n tyd 'n mengtaal kon gewees het nie.

Net so fundamenteel verskil hulle oor die proses, soos 'n sitaat uit dr. Bosman kan verduidelik.

„Prof. Hesseling sien in dié gevalle (van kreolisering) bewyse van taalmenging, wat hy verklaar deur aan te neem dat *die blanke Maleis-Portugees gepraat en direk dié eienaardighede in balle Nederlands opgeneem bet*, soos Afrikaners wat Engels ken, vandag sê en skryf: *by staan 'n kans . . .* Ek meen die gevalle te moet verklaar deur aan te neem dat in die mengeltale wat in Suid-Afrika ontstaan het in die mond van die Hottentotte en slawe sulke -ismes vaak voorgekom het, en waar daar in sulke gevalle assosiasies met Nederlandse sinswendinge kon ontstaan, het van die -ismes oorgegaan in die taal ook van die Nederlandse Afrikaners” (bls. 79). (My kursivering).

‘ Elders vat hy die verskil so saam:

Dat onthou moet word „dat Nederlands die taal was wat in Suid-Afrika die invloed uitgeoefen het, dat vreemdelinge Nederlands gaan praat het, en nie andersom nie. 'n Teorie wat aanneem dat Afrikaans ontstaan het deurdat die Nederlanders b.v. Maleis-Portugees of Hottentots gaan praat het, druis teen die geskiedenis in . . .” (bls. 40).

## §14.—Reaksie op dr. Bosman se Teorie

### (a) In Suid-Afrika

Dr. Bosman se verklaring het in ons land sedert sy verskynning in 1916 spoedig heelwat byval gevind, hoewel verenkelde voorstanders van dr. Hesseling se teorie nog voorgekom het, soms met bepaalde voorbehoude. So sê dr. A. C. Bouman uit Stellenbosch in 1926, dus selfs na publikasie van dr. Bosman se proefskrif in omgewerkte vorm, dat Maleis-Portugees nog die bevredigendste teorie tot dusver is om die grootste aantal verskynsels te verklaar (*Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners*, bls. 285). Tog meen ek dat die meeste Afrikaanse taalgeleerde, as hulle tussen die uiteensettinge van dr. Bosman en dr. Hesseling moet kies, vir hulle vandag in hoofsaak met dr. Bosman se stelling sal wil vereenselwig, danksy die ruijnte en uitgangspunt daarvan, al lê hulle ten opsigte van spontane ontwikkeling en vreemde invloed die klem veelal anders.

Om die laaste bewering te staaf, moet onthou word dat sommige aan vreemde invloed betreklik weinig gewig heg, of positief gestel, dat Afrikaans vir hulle byna geheel verklaar kan word as die uitkoms van 'n gewone (spontane) ontwikkeling waarvan alleen die tempo wellig buitengewoon snel is, maar dat dit uit die bepaalde omstandighede te begrype is. Een van diegene wat dit ongeveer so sien, is prof. J. J. Smith. Die jongste uitspraak van hom wat ek hieroor het, kom voor in 'n artikel in *Die Suiderstem* van 26 Des. 1936 oor: „Waar kom Afrikaans vandaan?” Daarin staan o.a.: „Persoonlik glo ek dat Afrikaans, wat die hoofsake betref, uit Nederlands ontwikkel het — en snel ontwikkel het omdat daar geen behoudende invloede van enige betekenis in

die nuwe volksplanting was om taalverandering teë te gaan nie. 'n Eenvoudige, ongeskoolde boerebevolking, gering in getal, byna totaal afgesonderd van die moederland en ontrek aan alle kultuurinvloed daarvan, wonende in 'n onkonservatiewe omgewing saam met Franse, Duitsers, slawe en Hottentotte, met haas geen vormende invloede van skool of kerk nie — siedaar die ideale maatskappy vir snelle taalverandering."

(b) *In die buiteland*

Ek meen dit is juis om te sê dat daar van die twintiger jare af ook in die buiteland by diegene wat vir ons taal intelligente belangstelling koester, 'n voorkeur vir die Afrikaner se teorie bestaan. Baie Nederlandse geleerde het hulle sedert 1916 by hom kom skaar, maar nie almal nie. So het dr. Hesseling sy opvatting deurgaans gehandhaaf, al het hy baie toegewinge op ondergesikte punte gemaak, b.v. in verband met aangeleenthede wat deur die studies van dr. J. L. M. Franken opgeklaar is (soos oor Katrina Kel).

Dr. Bosman vermeld in 'n voetnoot op bls. 41 dat dr. Kruisinga na aanleiding van 'n aankondiging van sy omgewerkte proefskrif o.a. geskryf het dat hy dr. Bosman se stelling aanvaar. „As for myself, I am willing to take leave of my own theory . . .” Hy het hom blybaar weer bedink, want in 'n ander tydskrif onder sy mede-redakteurskap skryf hy in Junie 1939 'n artikel (*Taal en Leven*, jg. 2, nr. 5, blss. 137-141) wat skyn aan te dui dat hy sy vroeëre standpunt ongewysig handhaaf. Onder meer sê hy daar:

„Als wij dan bedenken hoe groot de veranderingen zijn in het Goties van Wulfila's tijd, nauweliks tweehonderd jaar later, zullen we niet zo bang zijn ook in

het Afrikaans snel „verloop” aan te nemen . . . Vragen wij nu waarom het Goties zulk 'n tegenstelling vormt met het West- en met het Noord-Germaans, dan is het antwoord: omdat de Goten 'n volk waren dat voortdurend aan het trekken was . . . Dat het Goties direkte invloed van vreemde talen heeft ondergaan is niet aangetoond; maar evenmin als in het geval van het Afrikaans zou ik de mogelijkheid willen uitschakelen dat de Goten in aanraking kwamen met volksgroepen die zich het Goties eigen maakten . . . Datzelfde heb ik voor het Afrikaans mogelijk gesteld, en daarbij de term adaptatie-Ndl. van de kleurlingen gesmeed. Ja, ik heb zelfs de waarschijnlijkheid aangetoond dat sommige Afrikaanse veranderingen aan dat adaptatie-Ndl. te danken zijn . . . Zo zou het misschien aannemelik kunnen worden gemaakt dat het verdwijnen van het grammatisches geslacht het gevolg is van de taalgewoonten van de inboorlingen . . . ”

Dr. Kuiusinga bring ons nie eintlik veel nader aan 'n oplossing nie.

Waar daar sedert dr. Bosman se bestryding van dr. Hesseling se hipotese dat Afrikaans 'n mengtaal was, nog verskil van mening bestaan, is dit by welingeligtes selde nog oor die uitgangspunt. Dit word vandag omtrent algemeen aanvaar, meen ek, dat Afrikaans Nederlands is wat *in die mond van blankes* verander het en dus nie 'n geadopteerde taalvorm by hulle is nie. Dit is 'n witmans-taal en het ontwikkel saam met die Afrikaanse volk, is selfverworwe eiebesit en is nie van krom-sprekers teruggeleen nie. Afrikaans is dus die taal wat die Afrikaners *self* van Nederlands gemaak het.

Dit word nou wél aanvaar, maar die formulering van

dr. Bosman, om nogeens breedvoeriger hierop terug te kom, bevredig nie almal nie. Party geleerde het meer waarde aan spontane ontwikkeling as dr. Bosman en glo dus minder aan vreemde invloed in die vorm van -ismes, terwyl sommige die een of ander aspek wat bevorderlik vir versnelde natuurlike ontwikkeling is, meer op die voorgrond wil stel.

Dit meen ek te mag opmaak uit die hipoteses van dr. F. de Haan en dr. J. Wittmann. Dr. Hesseling gee 'n sitaat waarin dr. De Haan se opvatting voorkom (ald. 108). Die taal wat hy as omvormingsfaktor noem, is 'n soort van vereenvoudigde losieshuis-Nederlands wat die ou Kapenaars in hulle omgang met vreemde loseerders gesig het. Dr. Hesseling noem dit, m.i. minder gelukkig, „zeemanstaal als oudste taal der Afrikaners.”

Dr. Wittmann se werk dra 'n ernstiger karakter, soos van 'n akademiese proefskrif verwag kan word. Dit heet *Die sprachgeschichtliche Entwicklung der Deflexionstypus im Afrikaans* (Bonn, 1928). Hierin gee hy, indien nie 'n heldere nie, dan tog 'n bondige oorsig van die verskillende teorieë (blss. 12-48) om daarna sy eie bydrae te lewer. Vir hom is dit duidelik dat Afrikaans vroeg sy „heutige Gestalt” aangeneem het, naamlik voor die koms van die Hugenote. Opvallend is dit dat, afgesien van die Hottentotte en 'n klompie negerslawe, alleen intrekkers uit Nederland („Europäer niederl. Zunge”) toe aan die Kaap was. Daarom moet die oorsaak van die verandering gesoek word in die (Nederlandse) dialektes wat as grondslag van Afrikaans kon gedien het (ald., bls. 49). Nou noem hy die gousprake wat ons stamouers van toe hierheen gebring het, steunende op dr. Bosman se bevindinge, en besluit dan: „Die im Afrikaans besonders

stark durchgefährte Vereinfachung erklärt sich aus der Vermengung nah verwandter Dialekte" (bls. 56.) Hy noem dit herhaaldelik „Dialektvermischung.“ Vreemde invloede was daar gedurende die vormingsjare gevolglik nie. Die kernbesware teen dr. Wittmann se uiteensetting bly die onbewese hoofstelling: dat Afrikaans voor 1687 reeds sy huidige gestalte gehad het, en tweedens dat hy alte dikwels ongelyksoortige gegewens met mekaar wil vergelyk.

### §15.—*Nuwe Weë Nodig*

’n Belangrike nuwe bydrae (soos dit kon gewees het) of ’n ernstige aanval op dr. Bosman se standpunt is hierdie proefskrif nog nie, maar dit bring nogtans minstens een beswaar opnuut na vore: dr. Bosman se teorie is nie so helder en aanskoulik dat dit almal oortuig nie. Daar word dus deur sommige gevoel dat dr. Bosman se verklaring ons net tot op ’n seker punt bring, maar daardie punt is nog nie die eindpunt nie. Waar lê die grens tussen spontane ontwikkeling en vreemde invloed, by voorbeeld op die gebied van die vormleer? Die gerabbraakte Nederlands van die vreemdelinge (Duitsers, Franse, Hottentotte, neger- en Oosterse slawe) het, volgens dr. Bosman, die Nederlands van die blankes beïnvloed, soos hy by voorbeeld ten opsigte van laasgenoemde met ’n paar kreolismes kon bewys. Maar verklaar die wissel- en samewerking van die twee faktore op sigself die *bele proses* van verafrikaansing van Nederlands voldoende?

Laat ek probeer om dit op ’n ander manier aan te dui. Soos uit die volgende hoofstuk sal blyk, meen dr. Bosman „dat die belangrikste taalveranderinge of reeds hulle beslag gekry het, of tenminste in kiem aanwesig was,

nadat twee geslagte groot geword het onder die taalstoestande van 1652-1700." As ek dit korrek verstaan, beteken dit dat die oorsake van die Afrikaanse eienaardighede gevind moet word in die taalstoestande van 1652-1700. Watter aandeel het ons kromsprekende vreemde stamouers en ander dán nog, kwantitatief besien? Die Duitsers kom eers na 1700 in groot getalle hier aan en die Hugenote begin eers van 1700 af Hollands werklik as hulle nuwe taal te gebruik. Of neem 'n ander geval. Dr. Bosman sien in 'n paar Afrikaanse gebruike kreolismes wat hy aan die Maleis-Portugeessprekende slawe toeskryf, maar sê op bls. 61 van sy boek *Oor die Ontstaan van Afrikaans* duidelik: „Ons het reeds waarskynlik gemaak dat die invloed van Maleis-Portugees as *bandelstaal* baie gering moes gewees het, en dat dit as *slawetaal* voor 1700 geen groot invloed kon gehad het nie." Die kreolismes stam dan seker uit die tydperk na 1700? M.i. verswak sy tydsbegrensing die bewyskrag van die invloed van Vreemdelinge-Hollands as belangrike faktor tydens die vormingsjare, of, as dit nie so is nie, dan meen ek nog, en dit is eintlik waarom dit gaan, dat dit verduidelik hoe moeilik 'n mens jou 'n heldere voorstelling kan vorm van die *proses* van vereenvoudiging binne die raamwerk van dr. Bosman se teorie. Dit besit érens 'n inherente element van vaagheid, indien nie van teen-spraak nie.

Wat die direkte geskiedenis ons kan leer, is al groten-deels ten dienste van ons taalondersoek gestel — en hier het niemand meer gedoen as dr. Bosman self nie. Sodra hy verskynsels egter taalkundig wil ondersoek, het hy met moeilikhede te kampe. Hy is dan aangewese op wat daar in woordeboeke, grammatikas, idiotica, dialek- en

ander studies gepubliseer is, m.a.w. hy moet vergelyk. Dikwels lei dit tot bevredigende verklaringe, maar waar die vergelyking nie onaanvegbare resultate lewer nie, soek hy tereg na ooreenstemming in taalgedrag, na aanknopingspunte. Wat deur die toepassing van dié metode met sekerheid af te lei is, het dr. Bosman en die ander navorsers in hoofsaak op hulle onderskeie gebiede reeds gegee. Wat nou natuurlik oorblý, is om dit verder aan te vul en die nog onontgonne gebiede te betree, maar metodes het ons hiermee al teen 'n muur gekom. Immers, sodra nie méér as 'n aanknopingspunt te vinde is nie (b.v. by: *by is platsak*), blyk al die tekort. En wat bedenkliker is: dikwels word — omdat dit nog die beste middel is wat oorblý — ongelyksoortige gegewens met mekaar vergelyk. As daar, sōos deur dr. Hesseling, gesê word dat die Germanistiek geen geval ken waar 'n verwante taal binne so 'n kort tydsbestek so heel ver geflekteer geraak het as Afrikaans nie, is dit inderdaad 'n geldige vergelyking? Was een van die tale waaraan gedink is al ooit in presies of minstens in naastenby dieselfde omstandighede? En indien nie, hoe moet dan by ontstentenis van sulke gegewens gehandel word? Hier word bepaald te veel ruimte aan spekulasies gelaat.

Dikwels vind die wetenskap in sulke gevalle gelukkig nuwe bane. Dit gebeur ook hier toe dr. S. A. Louw ons taalgebied intensief begin bestudeer het met die oog op 'n beter kennis van sy dialektiese verskeidenheid. Hy het tot sover nog net 'n geringe aantal taalkaarte gepubliseer en kon daaruit reeds belangrike vondste meegeel, hoewel veel nog gedoen moet word. So gee hy op bls. 55 van sy *Taalgeografie* (1941) die volgende program aan: „Behalwe 'n kaart wat die huidige toe-

stand weergee, sal vir ons studie nog twee ander nodig wees: 'n taalkaart vir die sewentienteende eeu van die gebied waaruit die Afrikaanse stamouers afkomstig was, en een van die Kaapkolonie van kort voor die Groot Trek. Daaruit sou mens 'n duidelike beeld kan vorm van die ontwikkeling wat Afrikaans deurgemaak het tot vandag toe." Op die voltooiing van slegs een van die drie take sal ons wel nog jarelank moet wag, maar ondertussen word die een sooi op die ander gelê en kry ons al weer 'n ruimer blik op die taalgebeure.

Met die oog op ons eintlike vraag na die ontstaan van Afrikaans bevat dr. Louw se latere studie (*Dialekvermenging en Taalontwikkeling*, 1949) belangwekkende nuwe perspektiewe. Hy het die proses van dialekvermenging bestudeer soos dit in verskeie vorme tot openbaring kom, naamlik langs dialekgrense, langs verkeersweë, in stede en in nedersettingsgebiede met net twee of met meer dialekte. Van hierdie vier soorte vind hy dat die toestande wat op Afrikaans van toepassing was, die meeste ooreenkoms vertoon met nedersettingsgebiede waar 'n hele paar dialekte saamvloeи. „Dit blyk o.a. dat 'n ontwikkeling soos die wat Afrikaans deurgemaak het, onder sekere omstandighede moontlik ook kan plaasvind as gevolg van dialekvermenging" (aldaar, bls. 103). By die ontstaan van die Duitse nedersettingsdialek in Franztal, Joego-Slawië, waar verskeie dialekte saamgekom het, kon daarby ook waargeneem word dat 'n toestand van betreklike eenvormigheid te voorskyn tree uit 'n toestand van veelvormigheid in 'n tydperk van net oor 'n honderd of net onder 'n anderhalf honderd jaar. Vir sover as so 'n vergelyking met Afrikaans deurgevoer kan word, is die ontwikkelingstempo van ons

taal nie langer so bevreemdend snel as dr. Hesseling en ander blykbaar wel gemeen het nie, m.a.w. vreemde invloed hoef nie te pas gebring word om dit te verklaar nie. Dat ons hierdie mededeling van dr. Louw eerder glo as die van b.v. dr. Hesseling, vind sy verklaring daarin dat hier werklik ernstiger geprobeer word om gelyksoortige gevalle met mekaar te vergelyk — 'n belangrike metodiese vooruitgang.

Daar is ook ander geleerde wat hulle met kartografiese dialekstudies van Afrikaans besig hou en ons insigte verdiep. Dr. A. Coetzee het sommige van sy uitkomste gepubliseer in *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. In Jaargang III, nr. 4 hiervan is ook (ongelukkig in swak proeflesing) 'n baie belangrike opstel opgeneem van die vooraanstaande Nederlandse dialektoloog, prof. G. Kloeke (*Studie van Afrikaans op Nieuwe Paden*). Van hom word 'n vergelykende studie aangekondig van Afrikaanse en sewentiendeeuse Nederlandse klanke, waarvan die genoemde opstel waarskynlik 'n voorsmakie gee.

Intussen word met belangstelling uitgesien na die verdieping van ons kennis as gevolg van die studie van die dialekte. Dit is in die eerste plaas 'n *aanvullende* metode wat self iets kan bydra en daardeur ook sy lig kan laat val op die taallewe, waarvan die ontstaansvraagstuk slegs 'n onderdeel vorm. Alle bietjies help en so word ons in staat gestel om die sluier telkens effens hoër te lig.